



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae. Beantwoord AL die vrae.

2. AL die vrae moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.

3. VRAAG 3.2.1 moet op die aangehegte ANTWOORDBLAD beantwoord word. Plaas die ANTWOORDBLAD voor in die ANTWOORDEBOEK.

4. Lees die vrae aandagtig en antwoord slegs wat gevra word.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

7. Rond ALLE berekeninge tot TWEE desimale plekke af, tensy anders aangedui.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK.

1.1.1 Die hoeveelheid vog wat grond na 'n reënbui of besproeiing kan terughou, word ... genoem.

A deurlugting
B dreinering
C temperatuur
D waterhouvermoë

1.1.2 Die faktor in plaasbeplanning wat die grootste invloed op die grootte van kampe vir diere in 'n spesifieke area het, is die …

A tipe grond.
B daaglikse gemiddelde temperatuur.
C tipe diere.
D grondtemperatuur.

1.1.3 Wanneer 'n boer 'n spuitnaald kalibreer om 'n dier in te spuit, is dit belangrik dat die boer eers die ...

A dier se gewig bepaal.
B blaadjie van die spesifieke medisyne lees.
C gemiddelde ouderdom van die dier bepaal.
D regte naald gebruik.

1.1.4 EEN van die beste metodes om gronderosie te voorkom is om ...

A die grond met plantegroei te bedek.
B die grond aan die einde van die winterseisoen te ploeg.
C wisselbou te gebruik.
D die getal beeste in 'n kamp te vergroot.

1.1.5 Om die likiditeit van 'n plaas te bepaal, bereken die boer die verskil tussen die ....

A inkomste en uitgawes.
B bates en laste.
C lening en maandelikse paaiemente.
D wins en verlies.

1.1.6 Die eerste gedeelte van 'n plaas se besigheidsplan vir 'n nuwe produksie-eenheid moet die ... wees.

A finansiële aspekte
B produksieplan
C basiese inligting oor die boerderyonderneming
D uitbreidingsmoontlikhede van die eenheid

1.1.7 Die rede waarom 'n gesondheidsinspekteur karkasse by 'n slagpale (abattoir) inspekteer, is om te bepaal ...

A of die karkasse vry van enige plae of siektes is.
B wat die graad van die karkasse is.
C wat die gewigsverlies van die karkasse gedurende rypwording is.
D wat die vetinhoud van die karkasse is.

1.1.8 Indien die prys van 'n landbouproduk in die vryemarkstelsel baie laag is, sal ...

A produsente meer produkte aan die mark verskaf.
B die vraag deur die verbruiker toeneem.
C die vraag deur die verbruiker afneem.
D die mark die uitstalruimte verklein.

1.1.9 Die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet 119 van 1990) beheer die ...

A stowwe wat by voedsel gevoeg mag word.
B perseel waar verwerking sal plaasvind.
C gradering van verwerkte produkte.
D stempel van goedkeuring van die SABS op voedselprodukte.

1.1.10 Die belangrikste rede waarom 'n boer 'n landbouproduk verwerk, is om die ...

A raklewe van die produk te verleng.
B voorkoms van die produk te verander.
C produk meer aanvaarbaar vir die verbruiker te maak.
D winsmarge te verhoog. (10 x 2) (20)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.11 M. Elke beskrywing in KOLOM B mag slegs EEN keer gebruik word.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Wisselweiding | A | hierdie hellings is warmer in die somer en baie koud in die winter |
| 1.2.2 | Helling | B | geld wat tot die likiditeit van 'n plaas bydra |
| 1.2.3 | Suidelike | C | verkoop 'n boer se produk op 'n buitelandse mark |
| 1.2.4 | Organiese boerdery | D | kan gronderosie veroorsaak deur die spoed waarteen water vloei, te verhoog |
| 1.2.5 | Las | E | die beskrywing op die verpakking wat al die basiese inligting oor 'n landbouproduk bevat |
| 1.2.6 | Rekenaar | F | boerderyonderneming wat kompos en inheemse kennis gebruik om plae te beheer |
| 1.2.7 | Markagent | G | hierdie hellings is warmer in die winter en die somer |
| 1.2.8 | Oes | H | die punt in die mark waar die aanbod van 'n produk dieselfde as die vraag na die produk is |
| 1.2.9 | Etiket | I | elektroniese toerusting wat gebruik word om rekords van 'n boerderyonderneming te hou |
| 1.2.10 | Ewewig | J | die gebruik van verskillende kampe vir dieselfde groep diere in die jaar |
| | | K | die proses waar die boer insamel wat gesaai is |
| | | L | rekeninge wat aan die einde van die maand deur die boer betaal moet word |

(10 x 2) **20**

1.3 Die volgende stellings in NIE KORREK NIE. Verander die onderstreepte woord(e) om die stelling KORREK te maak. Skryf slegs die korrekte woord(e) teenoor die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.11 Rekordhouding.

1.3.1 Grondvog is die vermoë van water om deur grond te vloei.

1.3.2 Lig is 'n klimaatsfaktor wat in knope gemeet word en diere op warm somersdae sal afkoel.

1.3.3 Evaluasie is die bestuursbeginsel wat die opstel van verskillende take wat arbeiders die volgende dag moet verrig, behels.

1.3.4 Kapitaal is die produksiefaktor wat 'n boer in ag moet neem deur getal en take te bepaal voordat 'n nuwe onderneming begin word.

1.3.5 Vrye bemarking is die bemarkingstelsel waar die staat pryse vasstel en die bemarkingsproses beheer.

1.3.6 Organisering is die bestuurstaak waardeur die boer moet bepaal of die produksie-eenheid op die plaas moet uitbrei.

1.3.7 'n Boer moet 'n faktuur voltooi wanneer geld in die koöperasie se bankrekening gedeponeer word.

1.3.8 'n Boer verkoop diere aan die persoon met die hoogste bod (aanbod) vir die diere by 'n varsproduktemark.

1.3.9 Blansjering is die proses wat gebruik word om vrugte te preserveer deur dit in stroop te plaas.

1.3.10 Die stowwe wat die inhoud van 'n verwerkte produk uitmaak, word deur die voedingswaarde op die etiket aangedui. (10 x 1) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

### VRAAG 2: DIERE- EN GEWASPRODUKSIE

**Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.**

2.1 Plaasbeplanning is 'n georganiseerde en sistematiese skedule waar alle natuurlike hulpbronne met 'n goed gebalanseerde boerderyprogram geïntegreer word.

2.1.1 Noem VIER basiese data-items wat nodig is om 'n plaasplan te ontwikkel. (4)

2.1.2 Die insameling van data oor grond is belangrik vir plaasbeplanning. Noem VIER tipes data oor grond wat ingesamel moet word. (4)

2.1.3 Bespreek VIER funksies van grond in die produksieproses. (4)

2.1.4 Noem VIER vorme waarin water, as 'n komponent van grond, voorkom. (4)

2.2 Kapitaal word vir kort-, medium- en langtermyndoeleindes benodig.

2.2.1 Noem DRIE faktore wat die hoeveelheid kapitaal wat 'n boerderyonderneming nodig het, kan beïnvloed. (3)

2.2.2 Die terugbetalingstydperk van 'n lening word deur 'n paar faktore bepaal. Noem TWEE van hierdie faktore. (2)

2.3 Lees die gevallestudie hieronder aandagtig en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| |
|---|
| Gedurende sekere tye van die jaar benodig boere 'n groot aantal werkers, terwyl die werkers ander tye onproduktief is. Hierdie probleem is meestal seisoenaal. Werkers is byvoorbeeld baie besig tydens die lamseisoen, die oesinsameling- en skoffeltydperke. Boere moet maatreëls instel om die hoër werklas te oorkom. |

2.3.1 Beskryf TWEE probleme wat in die gevallestudie voorkom. (2)

2.3.2 Identifiseer DRIE tydperke in die gevallestudie wanneer werkers besig sal wees. (3)

2.3.3 Gee DRIE moontlike oplossings vir die probleme wat in VRAAG 2.3.1 genoem is. (3)

2.4 Plaasbestuur is een van die belangrikste produksiefaktore in agribesigheid.

2.4.1 Noem VYF algemene funksies van 'n plaasbestuurder. (5)

2.4.2 Beskryf in hooftrekke VIER stappe in besluitneming. (4)

2.4.3 Verduidelik kortliks die akkumulatiewe aard van besluitneming. (1)

2.5 Boer A en Boer B is veeboere op 10 hektaar-plasies in dieselfde streek.

| | **BOER A** | **BOER B** |
|---|---|---|
| Getal diere | 150 | 500 |
| Kapitaal belê | R10 000,00 | R100 000,00 |
| Produkte geproduseer per jaar | 130 | 450 |
| Doel van boerdery | Kommersiële boerdery | Kommersiële boerdery |
| Voeding van diere | Weiding op veld | Meestal voermengsel |

2.5.1 Noem die tipe boerderystelsel wat Boer A gebruik, gebaseer op die intensiteit van die boerdery-eenheid. (1)

2.5.2 Noem die tipe boerderystelsel wat Boer B gebruik, gebaseer op die intensiteit van die boerdery-eenheid. (1)

2.5.3 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.5.2. (4)

2.5.4 Boer B hou baie diere op 'n klein stukkie grond aan. Watter boerderymetode gebruik die boer? (1)

2.6 Maak 'n lys van die sigbare aspekte van 'n plaas wat 'n boer moet evalueer om doeltreffendheid te bepaal. (4)
**[50]**

## VRAAG 3: REKORDHOUDING, FINANSIËLE STATE EN ENTREPRENEURSKAP

**Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.**

3.1 Sonder boerderyrekords sal dit vir 'n boer onmoontlik wees om die sukses van die boerdery en gevolglik die wins van die onderneming te bepaal.

3.1.1 Noem DRIE voorvereistes vir goeie boerderyrekords. (3)

3.1.2 Elke boer moet 'n inventaris as sy/haar eerste rekord opstel. Verduidelik DRIE stappe wat gevolg moet word wanneer ʼn inventaris opgestel word. (3)

3.2 Bestudeer die data hieronder oor die salarisse van plaaswerkers op 'n geregistreerde plaas in Suid-Afrika en beantwoord die vrae wat volg.

| JAAR | SALARISSKAAL (R) |
|---|---|
| 2005 | 800,00 |
| 2006 | 900,00 |
| 2007 | 1 000,00 |
| 2008 | 1 200,00 |
| 2009 | 1 500,00 |
| 2010 | 1 900,00 |

3.2.1 Teken 'n staafgrafiek met gebruik van die inligting in die tabel hierbo. Gebruik die grafiekpapier op die aangehegte ANTWOORDBLAD. (4)

3.2.2 Stel DRIE faktore voor wat tot die drastiese verhoging in die werkers se salarisse vanaf 2008 tot 2010 kon gelei het. (3)

3.2.3 Bereken, as 'n persentasie, die verhoging in die werkers se salarisse van 2009 tot 2010. (3)

3.3 Geldelike betaling van plaaswerkers kan op VIER verskillende maniere gedoen word. Noem hierdie maniere. (4)

3.4 Bestudeer die data wat vasgelê is deur twee veeboere wat by dieselfde boerderybedryf betrokke is.

**BOER A**

| UITGAWES | RAND | INKOMSTE | RAND |
|---|---|---|---|
| Koste van vee | 13 500,00 | Veeverkope | 55 000,00 |
| Voer | 9 500,00 | Verkope van afval-produkte | 12 100,00 |
| Elektrisiteit, water en lone | 6 000,00 | | |
| Veeartsenykundige sorg | 12 000,00 | | |
| Instandhouding | 10 000,00 | | |
| **Totaal** | **51 000,00** | | **67 100,00** |

**BOER B**

| UITGAWES | RAND | INKOMSTE | RAND |
|---|---|---|---|
| Koste van vee | 13 500,00 | Veeverkope | 55 000,00 |
| Voer | 10 500,00 | Verkope van afval-produkte | 6 700,00 |
| Elektrisiteit, water en lone | 6 000,00 | | |
| Veeartsenykundige sorg | 12 000,00 | | |
| Instandhouding | 8 000,00 | | |
| **Totaal** | **50 000,00** | | **61 700,00** |

3.4.1 Bereken BOER A se netto wins. (2)

3.4.2 Bereken BOER B se netto wins. (2)

3.4.3 Identifiseer die boer wat die suksesvolste is en gee TWEE redes om jou antwoord te ondersteun. (3)

3.5 'n Kontantvloeibegroting is 'n raming van alle kontantinkomste en -uitgawes soos dit sal plaasvind. Dit kan weekliks, maandeliks of kwartaalliks opgestel word.

3.5.1 Beskryf VIER hoofkenmerke van 'n Kontantvloeibegroting. (4)

3.5.2 Gee VIER redes vir die opstel van 'n Kontantvloeibegroting. (4)

3.6 'n Groep mense wil 'n veeprojek begin, maar hulle moet 'n besigheidsplan aan 'n finansiële instelling voorlê. Verduidelik kortliks aan die groep, met verwysing na SES hoofpunte, die belangrikheid van 'n besigheidsplan wanneer 'n nuwe onderneming begin word. (6)

3.7 Onderskei tussen die volgende terme in die landbou:

3.7.1 Bates (2)

3.7.2 Laste (2)

3.7.3 Produkinkomste (2)

3.8 Die debietnota is 'n brondokument wat uitgereik sal word as bewys dat 'n item aan die krediteur teruggestuur is. Gee DRIE redes waarom 'n gekoopte item aan 'n krediteur teruggestuur sal word. (3)

**[50]**

**VRAAG 4: OES, WAARDETOEVOEGING, BEMARKING, AGRITOERISME EN BEDRYF**

**Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.**

4.1 Verduidelik waarom oesinsameling met 'n stroper meer tyddoeltreffend is as oes met die hand. (2)

4.2 Navorsing is 'n integrale deel van enige landbou-onderneming. Die prent hieronder illustreer 'n belangrike proses wat gevolg moet word voordat enige produk verkoop word.




4.2.1 Identifiseer hierdie bestuursproses. (1)

4.2.2 Dui VIER belangrike fisiese funksies van bemarking aan. (4)

4.3 Tydens die graderingsproses is daar sigbare kriteria waarna die gradeerder moet kyk om die spesifieke graad van 'n geoeste gewas te bepaal. Noem VIER van hierdie sigbare kriteria. (4)

4.4 Die verpakking van 'n landbouproduk speel 'n belangrike rol in die sukses van die bemarkingsproses.

4.4.1 Beskryf VIER belangrike aspekte wat in ag geneem moet word wanneer materiaal vir die verpakking van voedsel ontwerp word. (4)

4.4.2 Noem DRIE tipes verpakkingsmateriaal vir produkte wat die landbousektor gebruik om produkte aan die algemene publiek te verkoop. (3)

4.5 'n Besondere kenmerk van koöperatiewe bemarking is die poelstelsel van plaasprodukte.

4.5.1 Beskryf kortliks hoe die poelstelsel van 'n koöperasie toegepas word. (3)

4.5.2 Beskryf in hooftrekke VIER voordele van koöperatiewe bemarking. (4)

4.6 Plaasprodukte word op verskillende maniere verwerk om hulle rakleeftyd te verleng. Verwerking kan mikro-organismes doodmaak of uitskakel om hulle groei te stop of te beperk.

4.6.1. Noem DRIE metodes om voedsel te preserveer wat 'n boer kan gebruik om mikro-organismes dood te maak of te beperk. (3)

4.6.2. Noem VIER metodes om voedsel te preserveer wat 'n boer kan gebruik om die groei van mikro-organismes te stop of te beperk. (4)

4.7

| |
|---|
| Toeriste besoek Suid-Afrikaanse wildplase dwarsdeur die jaar. Die wildsoorte wat die beste by die Suid-Afrikaanse klimaat aanpas, sluit kameelperde, impalas, koedoes, elande, duikers, renosters, sebras, gemsbokke, wildebeeste, blesbokke, olifante, seekoeie, leeus, luiperds en buffels in. Die hoofdoelwitte van wildsboerdery is toerisme, jag, bewaring en die teel van skaars of bedreigde spesies. |

4.7.1 Noem die afdeling van landbou wat in die paragraaf hierbo bespreek word. (1)

4.7.2 Noem VIER doelwitte van wildsboerdery. (4)

4.7.3 Identifiseer die diere wat as die Groot Vyf in Suid-Afrika bekend staan. (5)

4.8 Plaashekbemarking is een van die algemeenste bemarkingskanale wat boere gebruik, veral kleinskaalboere en boere in afgeleë plattelandse gebiede.

4.8.1 Noem DRIE voordele van plaashekbemarking. (3)

4.8.2 Noem TWEE nadele van plaashekbemarking. (2)

4.9 Beskryf DRIE faktore wat die funksionaliteit van besluitneming beïnvloed wanneer jy jou produk verkoop. (3)
**[50]**


**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

**SENTRUMNOMMER:**

**EKSAMENNOMMER:**

## VRAAG 3.2.1




(4)

Kopiereg voorbehou